H.B.Th.

191.T.4.1(3)

# HENDRIK VERWOERD-NAVORSINGSBEURS

## TOEKENNING VIR 1978: DR. C.Z. VORSTER

DEUR PROF. H.B. THOM
VOORSITTER, HENDRIK VERWOERD NAVORSINGSBEURS-TRUST

Ek kondig graag aan dat die Hendrik Verwoerd-Navorsingsbeurs vir 1978 toegeken word aan dr. C.Z. Vorster van die Fakulteit van Geneeskunde van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Dr. Vorster het in 1961 gematrikuleer aan die Hoërskool Aliwal-Noord, met onderskeidings in Wiskunde, Geskiedenis en Natuur- en Skeikunde. Daarna het hy aan die Universiteit van Stellenbosch ingeskryf, waar hy in 1967 die M.B., Ch.B. verwerf het, met onderskeiding in Obstetrie en Ginekologie.

Die volgende jaar het hy sy internskap in die Karl Bremer-hospitaal afgelê, en toe op verskillende plekke as Senior Mediese Beampte opgetree en ook sy militêre diensplig voltooi. Daarna staan hy ongeveer drie jaar lank in Delmas in die private praktyk, en besluit hy vervolgens om hom aan die U.O.V.S. meer sistematies aan sy navorsingswerk te wy, wat toe reeds in stygende mate sy belangstelling opgewek het.

Sy navorsingswerk, wat hy met groot liefde en toewyding aanpak, lê op die hoogs gespesialiseerde terrein van die obstetrie en die ginekologie. Hy het ook reeds 'n hele paar referate en publikasies gelewer, wat afdoende toon dat hy 'n jong geneesheer

2/...........

is wat nog omvangryke oorspronklike bydraes op sy vakgebied sal kan lewer. Ek vertrou dat die Hendrik Verwoerd-Navorsingsbeurs vir hom 'n spoorslag op hierdie pad sal wees.

Die beurs bedra R1 000 en word vir een jaar toegeken. Dit is bedoel om aan gekwalifiseerde geneeshere ondersteuning vir verdere navorsing te gee. Wyle dr. Verwoerd het die instelling daarvan moontlik gemaak toe hy die geldelike deel van die Hendrik Verwoerd-Toekenning, t.w. R10 000, wat in 1966 aan hom aangebied is, nie vir homself wou aanvaar nie en versoek het dat dit gebruik word om 'n geneeskundige of tandheelkundige navorsingsbeurs in die lewe te roep.

Vir inligting mag ek byvoeg dat dit nou die sesde keer is dat hierdie beurs toegeken word: die vorige toekennings het gegaan aan jong geneeshere van die Universiteite van Pretoria en Stellenbosch, en inderdaad ook reeds een van die U.O.V.S.

Dit doen my genoeë om nou, namens die Raad van Trustees, die Hendrik Verwoerd-Navorsingsbeurs vir 1978 toe te ken aan dr. Charl Zietsman Vorster. Ek wens hom van harte geluk, en - saam met hom - ook die jong Fakulteit van Geneeskunde van die U.O.V.S.

Mag vir hulle albei die verbintenis met die naam van Hendrik Verwoerd 'n bron van blywende vreugde wees.

H. B. Thom
..........................................

VOORSITTER: RAAD VAN TRUSTEES,
HENDRIK VERWOERD NAVORSINGSBEURSTRUST

8/12/77.